# 1 Februarie 2026
# Saam bring ons Christus aan almal

STRAND-NOORD
NG GEMEENTE

## Ontmoet

**Erediens & Aanlynboodskap 09:30**
**Johannes 1:4-5**
**DonkerLig**
**Deuroffer: Bybel Media**

Deuroffer inligting - https://kaapkerkadmin.co.za/deuroffers/




09:30 - Kinderkerk
18:00 - Aandkerk
Donderdag 17:00 - Maats in Aksie




**Sondag 8 Februarie 2026 -** Erediens & Aanlynboodskap 09:30, Kinderkerk & Aandkerk

## Ontwikkel



**Leesrooster:**
1 Februarie: Miga 6:1-8; Psalm 15; 1 Korintiërs 1:18-31; Matteus 5:1-12
8 Februarie: Jesaja 58:1-12; Psalm 112:1-10; 1 Korintiërs 2:1-16; Matteus 5:13-20

**Aksiespan vergaderings**
Enige lidmaat is welkom om betrokke te raak en die vergaderings by te woon.

| | | |
|---|---|---|
| Maandag 2 Febraurie | 19:00 | Jeug |
| Diensdag 3 Februarie | 19:00 | Diensverhoudinge |
| Woensdag 4 Februarie | 19:00 | Gemeentebediening |
| Donderdag 5 Februarie | 19:00 | Eiendomme |



**Besprekings- / Agenda punte vir Aksiespanvergaderings**



- **Jeug** - Jeug aksies, Begroting
- **Diensverhoudinge** - Personeelaangeleenthede, Begroting
- **Gemeentebediening** - Kalender, Musiek aanbieding, Begroting
- **Eiendomme** - Geboue, Tuin, Projektors, Begroting

# Ontferm

**"Ons bid saam vir…"**



- Judith Wilke van Millstraat.
- Blackie Swart van Benadestraat.
- Mense geraak deur die Strandveld brande.

# KOSKAS INSAMELING

**Dit is een van die maklikste en mees praktiese maniere waarop ons as lidmate 'n wesentlike bydrae kan maak vir die fisiese nood in ons omgewing. Ons wil voortgaan om die lig te laat skyn op ons gemeente se koskas en wat die span doen, om vir ander in hierdie mees basiese nood by te staan en te help.**

Ons benodig asseblief die volgende produkte:



**Droë sopmengsel**
Spaghetti
Sout
Rys (1 of 2 kg)
Mieliepap (1kg)
Suiker (1kg)
Koffie (250gr)
Tee
Konfyt
Sunlight opwasmiddel

**Blikkieskos:**
Pilchards
Tamatie & Uie
Ertjies
Koekmeel
Enige soort kitspap
Grondboontjiebotter
Seep
Tandepasta

Jy is ook welkom om produkte met **Checkers sixty60** by die kerkkantoor te laat aflewer.

***Baie dankie aan almal wat so getrou bydra om 'n groot verskil in ons gemeenskap te maak. Ons waardeer dit baie.***

**Kankerondersteuningsgroep**



Hierdie bymekaarkomgeleentheid, onder leiding van Kobie & Hugo du Preez, is hoofsaaklik gemik om in liefde om te gee vir mekaar, asook samehorige en emosionele ondersteuning. As jy op enige manier deur kanker geraak word is jy baie welkom!


Ons eerste byeenkoms vir die jaar is Dinsdag 3 Februarie om 18:00 in die eerste vertrek in die Sentrum (Brandstraat).

## Ontdek



**Kuiertee - Donderdag 12 Februarie 10:00**

Kom kuier, drink 'n koppie tee en maak nuwe vriende by ons eerste Kuiertee van 2026. Geniet die geselligheid saam in die Kuiersaal.



**Melktertkommissie Valentyns Bederf**

Bestel vir jou geliefde 'n Valentyns-*hamper* teen net R120. Jy kry 'n bottel wyn, twee *muffins*, twee koekies en truffels. Plaas jou bestelling aanlyn (https://ngkstrandnoord.co.za/winkel/) teen 10 Februarie & dan kan jy dit Vrydag 13 Februarie (08:00-13:00, 16:00-17:00) by die kerkkantoor afhaal.



**Sirkel vir ouers met jong kinders**

Daar is 'n behoefte aan 'n Sirkel vir ouers met jonger kinders. Indien jy belangstel, vul asseblief die aanlynvorm in.

https://ngkstrandnoord.co.za/aankondiginge-kerk/

# Basaar 2026

**Basaar 2026 - 30 Mei**

Met die lewe wat soms so gejaag & op die nippertjie voel, wil die Basaar span meer as betyds vra:

- As jy Wit Olifante en boeke het waarvan jy wil ontslae raak, bring dit gerus solank kerkkantoor toe.
- Wanneer jy kaste regpak, die Chic-Boutique vat graag jou "voorheen geliefde" klere, krale, handsakke en meer.
- Leë roomysbakke (2 en 5 liter)
- Begin solank steggies maak, hou hulle aan die lewe & dan kan jy hulle 'n week voor die basaar kom afgee.
- Ons lekkergoed tafel het elke jaar 'n hele lys items nodig, as jy graag lekkers wil bydrae kan jy solank op die uitkyk wees vir spesiale aanbiedinge op die volgende -
  Speckled Eggs, Jellielekkers, Smarties, Stokkielekkers, Fizzers, Pienk pilletjies
  Marshmallows , Versiersuiker ogies, Kondensmelk, Pakkies skyfies, Popcorn pitte
  Oreo, Wafer & Marie Koekies, Rice Krispies, Roomys horinkies, Sherbet

## Dankie vir jou bydrae!

**Verkies EFT?**

NG Kerk Strand-Noord
Absa, tjekrekening
Rek no. 420 580 037
Takkode 632005

Geen kontant?
Geen probleem!

SnapScan


**Leon F Marais**
Leraar
leon@ngkstrandnoord.co.za
082 786 4371

**Jako J Visser**
Leraar
jako@ngkstrandnoord.co.za
082 477 6156

**Vicky Dippenaar**
Skriba
info@ngkstrandnoord.co.za
076 147 3039
021 853 7223